# Gesels saam

## GRAAD 1-3

## WELKOM

Bring drie velle gekleurde papier saam wat elkeen 'n opdrag voorstel:

- Groen = doen wat reg is
- Rooi = wys liefde
- Blou = loop saam met God

Plak die papiere op verskillende plekke in die lokaal, of hou dit in die lug terwyl julle die speletjie speel.

Vertel vir die kinders dat God in die Bybel vra dat ons drie dinge moet doen: Ons moet doen wat reg is, liefde wys en saam met God loop.

Laat die kinders dit nou met hulle lywe oefen. Verduidelik vir hulle die drie bewegings wat hulle moet uitvoer:

- Doen wat reg is: Spring op die plek en sê hardop: "Ek doen wat reg is!" (Dit beteken jy doen die mooi goed wat God wil hê jy moet doen.)
- Wys liefde: Gee 'n groot denkbeeldige drukkie of wys 'n hart met jou hande. Sê dan: "Ek wys liefde!"
- Loop saam met God: Loop stadig in 'n sirkel en sê: "Ek loop saam met God!"

Speel die speletjie:

Roep een van die drie opdragte uit en wys na die gekleurde papier wat dit verteenwoordig. Die kinders doen die gepaste beweging en sê die opdrag hardop saam. Wissel vinnig tussen die drie opdragte.

*Opsioneel:* Die fasiliteerder kan ook sagte musiek speel en dit onverwags stop om 'n nuwe opdrag te gee.

## WONDER

Ons gaan vandag na die profeet Miga se storie luister:

Lank, lank gelede, in 'n land vol heuwels en bome, het die mense van Israel soms vergeet hoe om reg te leef. Hulle was lief vir God, maar het nie altyd gedoen wat Hy gevra het nie. God het deur sy vriend, die profeet Miga, met hulle gepraat. Eendag het Miga die mense herinner aan hoe God vir hulle sorg en hoe Hy hulle nog altyd beskerm het.

Die mense vra toe vir Miga wat die Here wil hê hulle moet doen om vir Hom dankie te sê. "Moet ons vir God groot geskenke gee soos duisende skape of sakke vol goud?" het hulle gevra. Miga het hulle geantwoord: "Nee, nee, nee! God wil nie groot geskenke of duur goed hê nie. God wil iets eenvoudiger hê."

Miga het vir die mense verduidelik dat daar drie dinge is wat die Here wil hê hulle moet doen:

- **Doen wat reg is:** Dit beteken jy moet ander mense behandel soos jy wil hê hulle moet jou behandel. Jy moet regverdig wees.

Jy moet regverdig wees.

- **Wys liefde:** Wees altyd vriendelik en wys dat jy vir ander mense omgee. As iemand hartseer is, gee vir hulle 'n drukkie.
- **Loop saam met God:** Jy moet gereeld met God praat deur te bid, en jy moet probeer om te leef soos God van jou vra.

## WEES

Knip vooraf vir elke kind 'n hart en die buitelyne van 'n hand en 'n voetspoor uit. Laat hulle dit versier. Herinner hulle wat elkeen simboliseer. Julle kan dan die harte, hande en voetspore in julle lokaal opplak.

## WEGSTUUR

Laat die kinders regop staan en die volgende saam sê (met bewegings):

- Doen wat reg is (wys thumbs up)
- Wys liefde (maak 'n hart met jou hande)
- Loop saam met God (stap op die plek)

Herhaal dit 'n paar keer totdat almal dit onthou.

*Nota:* Julle kan ook julle eie rympie en bewegings opmaak om julle aan vers 8 te herinner.